**Saterdag 28 Januarie**
**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-18**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:6-8 (AFR53)**
**Die kroon wat vir ons weggelê is**

Met die skryf van sy tweede brief aan Timoteus, is Paulus opgesluit in ’n tronk in Rome. Die omstandighede rondom hom is pikdonker. Hy is bewus van vyande van die kerk wat die gesonde leer nie sal verdra nie (vs 3). Behalwe vir Lukas is al sy geliefdes ver van hom (vs 11). Sommige mense het hom baie kwaad aangedoen (vs 14). Boonop leef hy voor die werklikheid van sy sterfdag wat, menslik gesproke, nie ver van hom is nie (vs 6). Paulus se omstandighede is pikdonker.

En tog mag Paulus agter die tronk se tralies leef met ’n vaste hoop en sekerheid wat sy benarde omstandighede oortref. Hy kan terugkyk op ’n lewe waarin hy die goeie stryd gestry het, die wedloop voltooi het, die geloof behou het. Hy kon dit egter net doen, want “die Here het my bygestaan en my krag gegee” (vs 17). Die Here gee vir die gelowige krag om te volhard tot die dood toe.

Om hierdie rede is Paulus ook seker van wat voor hom lê: “Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid.” Hy is reeds regverdig gemaak met die geregtigheid wat Christus vir hom gegee het, maar ná sy sterwe sal hy daardie kroon in volmaaktheid ontvang. Binne die donker tronksel skyn die heerlikheid van die lewe ná die dood. Dit word vir hom “weggelê”, veilig bewaar deur God wat dit vir Hom gegee het.

Hierdie kroon is nie net weggelê vir Paulus nie, maar vir “almal wat die verskyning van Christus liefgehad het”. Dit is die sekerheid waarmee ons in ons eie dag mag leef, afgesien van hoe donker die omstandighede is. “Die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan” – daar is die grond vir ons volharding. Wees dan in alles nugter, ly verdrukking, en vervul jou bediening!

*Sing: Psalm 94-1:1, 8*

*Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)*